Brig. Piet Byleveld praat gister by die kantoor van Solidariteit Helpende Hand in Centurion met mnr. Johan Smit, pa van die vermoorde Anika Smit (17), ná 'n kranslegging ter nagedagtenis aan Anika en ander kinderslagoffers van geweld. Foto: THEANA CALITZ

Anika Smit se pa in trane by kranslegging

Fanie van Rooyen

"Dit beteken vir my baie, want dit wys dat mense nie vergeet van wat met my Anika gebeur het nie."

So het 'n bewoë mnr. Johan Smit, pa van die vermoorde Anika (17), gister tydens 'n spesiale kransleggingsplegtigheid vir kinderslagoffers van geweld by die kantoor van Solidariteit Helpende Hand in Centurion gesê.

Die kranslegging is volgens *dr. Danie Langner, uitvoerende* direkteur van Helpende Hand, gister op die Wêrelddag vir Onskuldige Kinderslagoffers van Geweld gereël om aandag op geweld teen kinders te vestig.

"Ons eis opnuut van die owerhede dat kinderbeskermingseenhede in die polisie heringestel word," het Langner gesê.

Smit, brig. Piet Byleveld, bekende speurder, asook Tommy Dorsen (19) en Melandri Jacobs (17), twee van Anika se skoolvriende, het elk gister 'n krans buite dié kantoorgebou gelê. Anika is op 10 Maart vermoor en haar naakte lyk is in haar ouerhuis aangetref. Haar hande is afgekap.

"Hoeveel kinders moet nog sterf voordat die regering op*tree teen kinderverkragtings* en -ontvoerings?" het Langner gesê.

Dit is volgens hom al 'n jaar nadat " 'n koor ministers" aangekondig het dat kinderbeskermingseenhede heringestel gaan word, maar niks gebeur nie.

"Kinderbeskermingseenhede is in 2006 uitgefaseer om, volgens die regering, die diens meer toeganklik te maak vir gemeenskappe," het Langner gesê. "Sedertdien het die persentasie skuldigbevindings weens misdaad teen kinders drasties afgeneem."

Daar is volgens hom die afgelope jaar nog geen tydraamwerk deurgegee of 'n plan ingestel vir die herinstel van kinderbeskermingseenhede nie.

"Sover bly die beloftes van *mnr. Nathi Mthethwa, minister* van polisie, mnr. Fikile Mbalula, adjunkminister van polisie, en me. Noluthando Mayende-Sibiya, minister van vrouesake, die jeug, kinders en gestremdes, om dié eenhede heringestel te kry, leeg," het hy gesê.

"Dit ten spyte van waarskuwings van verskeie nie-regeringsorganisasies landwyd dat misdaad teen kinders in WB 2010 skerp kan toeneem."

Helpende Hand se Kindermisdaadverslag wys volgens Langner dat besorgde polisiebeamptes en maatskaplike werkers al sedert 2006 besig is met ondersoeke na dwelmsindikate wat meisies van so jonk as 12 jaar aan dwelms verslaaf maak sodat hulle tydens WB *2010 as prostitute gebruik sal* kan word.

Byleveld het gesê dit maak hom bly dat die publiek die polisie se stryd teen misdaad en ook teen geweld teen kinders steun.